GEDICHT

GEDICHT ANTJIE KROG **MET VERTALING**

LAND VAN GENADE EN VERDRIET

vanweë die verhale van verwondes
lê die land nie meer tussen ons in nie
maar binne-in

sy haal asem
gekalmeer na die litteken
aan haar wonderbaarlike keel

in die wieg van my skedel sing dit
ontbrand dit
my tong my binneste oor die gaping van my hart
sidder vorentoe na die buitelyn
van ’n woordeskat nuut in sag, intieme keelklanke

van my siel leer die retina oopgaan
daagliks – ’n duisend woorde
skroei my tot ’n nuwe tong

ek is vir altyd verander. Ek wil sê
vergewe my
vergewe my
vergewe my

jy wat ek veronreg het – seblief
neem my
met jou saam

Uit: *Kleur komt nooit alleen*, pp. 70-71

LAND VAN GENADE EN VERDRIET

vanwege de verhalen van verwonden
ligt het land niet meer tussen ons
maar binnenin

ze haalt adem
gekalmeerd na het litteken
aan haar wonderbaarlijke keel

in de wieg van mijn schedel zingt het
ontbrandt het
mijn tong mijn binnenste oor de gaping van mijn hart
siddert naar voren naar de buitenlijn
van een woordenschat nieuw in zachte, intieme keelklanken

van mijn ziel leert de retina zich te openen
dagelijks – duizend woorden
schroeien mij tot een nieuwe tong

ik ben voor altijd veranderd. Ik wil zeggen
vergeef me
vergeef me
vergeef me

jij die ik onrecht heb aangedaan – alsjeblieft
neem me
met je mee

Uit: *De kleur van je hart*, p. 348